GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MONDELING 2020
# AFRIKAANS EAT
# Graad 12

## VRAESTEL 4 [50]

LUISTER, LEES EN PRAAT

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| | |
|---|---|
| **DISTRIK:** | |
| **SKOOL:** | |
| **DATUM:** | |
| **VAK:** | **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** |
| **GRAAD:** | **12** |
| **TAAK 5** | ***Vraestel 4 Mondeling:<br>Voorbereide Toespraak*** |
| **PUNTE:** | **20** |
| **TYDSDUUR:** | **2 – 3 minute** |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Kies **EEN** van die volgende onderwerpe en lewer ‘n voorbereide toespraak van 2 TOT 3 MINUTE daaroor.

1. Die media berig daagliks oor dissipline wat in skole hande uitruk. Lewer ’n toespraak oor hierdie probleem waarin jy die redes vir dissiplinêre probleem uitlig asook maniere hoe dit aangespreek kan word.

2. Redeneer in ’n toespraak oor die voor- en nadele wat tegnologie in klaskamers inhou. Motiveer aan die einde waarom jy vir of teen tegnologiese hulpmiddels in klaskameronderrig is.

3. Die vere maak die voël - of dalk nie? Is dit nodig om altyd die nuwerwetse modes slaafs na te volg. Is ’n mens altyd oudmodies of koekerig as jy nie die nuutse klerereekse dra nie. Hoe voel tieners van verskillende kultuurgroepe hieroor. Doen navorsing en lewer ’n toespraak hieroor.

4. Aangesien daar deesdae so baie skoolvakansiedae in ’n jaar is, plaas dit geweldige druk op onderwysers om die leerplanne te voltooi en sukkel leerders om by die

vinnige pas by te hou. Lewer ‘n toespraak waarin jy wenke aan die hand doen oor hoe graad 10-leerders hierdie werksdruk moet probeer hanteer.

5. Skooltrots is ’n vreemde konsep vir hedendaagse leerders. Lewer ’n toespraak hieroor waarin jy hierdie mening bevraagteken of ondersteun op grond van navorsing wat jy gedoen het.

1. Eie onderwerp:
   - Kies ’n onderwerp waarin jy belangstel: Waarvoor gee jy om? Waarvan sal jy meer wil leer?
   - Bespreek jou onderwerp met die onderwyser voordat jy met jou navorsing begin.
   - Wees seker van die <u>doel</u> van jou toespraak/aanbieding: Wil jy jou gehoor oortuig van iets? Wil jy jou gehoor inlig oor ’n onderwerp of slegs ’n vermaaklike storie vertel

Lw: Plaas alle bewyse van jou toespraak in jou SGA-lêer.

**NAAM VAN LEERLING:**_________________________________________ **KLAS:**___________

**ONDERWYSER:**_______________________________________________

**ASSESSERINGSRUBRIEK – VOORBEREIDE TOESPRAAK EERSTE ADDISIONELE TAAL [10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]**

| **Kriteria** | **Kode 7 (Uitmuntend ) 8-10** | **Kode 6 (Verdienstelik) 7** | **Kode 5 (Buitegewoon) 6** | **Kode 4 (Voldoende) 5** | **Kode 3 (Matig) 4** | **Kode 2 (Basies) 3** | **Kode 1 (Ontoereikend) 0-2** | **TOTAAL** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Navorsing | 8 - 10 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 0 – 2 | | |
| Beplanning en organisering van Inhoud | 8 - 10 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 0 – 2 | | |
| Kritiese bewustheid van taalgebruik | 8 - 10 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 0 – 2 | | |
| Toon-, praat- en aanbiedingsvaardighede | 8 - 10 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 0 - 2 | | |
| Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels | 8 - 10 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 0 - 2 | | *Punt behaal uit 20* |
| | | | | | | | | **50** | |

## Assesseringsrubriek – Voorbereide Toespraak Eerste Addisionele Taal [10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]

| Kriteria | Kode 7 - Uitmuntend | Kode 6 - Verdienstelik | Kode 5 - Buitengewoon | Kode 4 – Voldoende | Kode 3 – Matig | Kode 2 – Basies | Kode 1 – Ontoereikend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Navorsing** | **8 - 10**<br>**Uitstaande** bewyse dat meer as die minimum twee relevante hulpbronne effektief geraadpleeg en erken is. | **7**<br>**Oortuigende** bewyse dat meer as die minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is. | **6**<br>**Baie goeie** bewyse dat 'n minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is. | **5**<br>**Goeie bewyse** dat 'n relevante hulpbron geraadpleeg en erken is. | **4**<br>**Geringe** bewyse dat 'n toepaslike bron geraadpleeg en erken is. | **3**<br>**Beperkte** bewyse dat 'n hulpbron geraadpleeg en erken is. | **0 - 2**<br>**Geen** bewyse dat enige hulpbronne geraadpleeg is nie. |
| **Beplanning en organisering van Inhoud** | **8 - 10**<br>**Uitstaande** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is.<br><br>**Uitstaande** inleiding wat die gehoor se aandag onmiddellik trek, **uitstaande** ontwikkeling van idees en argumente, **uitstaande** gevolgtrekking | **7**<br>**Oortuigende** keuse van 'n onderwerp wat **grootliks** oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is.<br><br>**Oortuigende** inleiding wat die gehoor se aandag trek **oortuigende** ontwikkeling van idees en argumente, **oortuigende** gevolgtrekking | **6**<br>'n **Baie goeie** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is.<br><br>**Baie goeie** inleiding wat gehoor se aandag trek, **baie goeie** ontwikkeling van idees en argumente, **baie goeie** gevolgtrekking | **5**<br>'n **Goeie** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is.<br><br>**Goeie** inleiding wat die gehoor se aandag trek, **goeie** ontwikkeling van idees en argumente, **goeie** gevolgtrekking | **4**<br>Die keuse van 'n onderwerp toon oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor.<br><br>'n Paar bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente en 'n poging tot 'n gevolgtrekking. | **3**<br>Die keuse van 'n onderwerp toon **beperkte** oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor.<br><br>**Beperkte** bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente, en 'n **beperkte** poging tot 'n gevolgtrekking. | **0 - 2**<br>Die keuse van 'n onderwerp toon **min of geen** oorspronklikheid of sensitiwiteit vir die gehoor nie. **Min of geen** bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek nie, **min of geen** ontwikkeling van idees en argumente nie en **geen** poging tot 'n gevolgtrekking nie. Die toespraak is in geheel afgeskryf en is nie oorspronklike werk nie. |
| **Kritiese bewustheid van taalgebruik** | **8 - 10**<br>**Uitstaande** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer.–<br><br>**Buitengewone** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik | **7**<br>**Oortuigende** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer.<br><br>**Oortuigende** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik | **6**<br>**Baie goeie** vermoë om taal te manipuleer. **Baie goeie** woordeskat.<br><br>**Baie goeie** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik | **5**<br>**Goeie** vermoë om taal te manipuleer. **Goeie** woordeskat.<br><br>**Goeie** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik | **4**<br>**Matige** vermoë om taal te manipuleer. **Matige** gebruik van woordeskat.<br><br>**Matige** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik | **3**<br>**Beperkte** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer.<br><br>**Beperkte** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik | **0 - 2**<br>**Nie in staat** om taal te manipuleer nie. **Baie beperkte** woordeskat.<br><br>**Geensins** in staat om bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik te toon nie |
| **Toon-, praat- en aanbiedings vaardighede** | **8 - 10**<br>**Indrukwekkende** aanbieding met 'n **uitstekende** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal.<br><br>'n **Selfversekerde** aflewering met **uiters doeltreffende** gebruik van flitskaarte. | **7**<br>'n **Goed gestruktureerde** aanbieding met 'n **oortuigende** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal.<br><br>Flitskaarte is **effektief** en met **selfvertroue** gebruik. | **6**<br>'n **Gestruktureerde** aanbieding met 'n **baie goeie** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal.<br><br>Flitskaarte is **effektief** gebruik. | **5**<br>'n **Aanvaarbare** aanbieding met 'n **goeie** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. 'n<br><br>**Gedeeltelike** afhanklikheid van flitskaarte, maar nog steeds goeie kontak met die gehoor | **4**<br>'n **Matige** aanbieding met 'n **matige** gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal.<br><br>Gebruik van flitskaarte trek aandag dikwels af van die aanbieding. | **3**<br>'n **Elementêre** aanbieding met 'n **beperkte** gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal.<br><br>**Ten volle afhanklik** van flitskaarte. | **0 - 2**<br>'n **Ondoeltreffende** aanbieding met **min of geen** styl, registrer, oogkontak, gesigsuitdrukking, gebare en lyftaal nie.<br><br>Geen flitskaarte is as hulpmiddel gebruik nie. |
| **Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels** | **8 - 10**<br>**Indrukwekkende** keuse en aanbieding van visuele / klank- hulpmiddels | **7**<br>**Oortuigende** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels | **6**<br>**Baie goeie** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels | **5**<br>**Goeie** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels | **4**<br>**Geringe** gebruik van visuele / klank hulpmiddels, maar nie altyd toepaslik nie | **3**<br>**Beperkte** gebruik van visuele / klankhulpmiddels | **0 - 2**<br>**Geen** gebruik van visuele / klankhulpmiddels nie. |

| | |
|---|---|
| **DISTRIK:** | |
| **SKOOL:** | |
| **DATUM:** | |
| **VAK:** | **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** |
| **GRAAD:** | **12** |
| **TAAK 6** | *Vraestel 4: Mondeling*<br>***Voorbereide Lees*** |
| **PUNTE:** | **20** |
| **TYDSDUUR:** | **1 - 2 minute** |

**INSTRUKSIES:**

1. Lees EEN van die volgende tekste, of berei jou eie teks voor
2. Let op die volgende as jy die leesstuk voorberei:

- Leesspoed – Jy moet so vloeiend as moontlik probeer lees.
- Uitspraak van die woorde – Jy moet oefen om die woorde reg uit te spreek.
- Leer om met gevoel te lees en stop by by punte en kommas.
- Woorde wat jy nie verstaan nie, se betekenis moet jy opsoek in die woordeboek.
- Maak seker jy verstaan wat jy lees sodat jy die vrae wat daaroor gevra gaan word, kan beantwoord.
- Let op na die rubriek, wat die kriteria aandui, waarvolgens jy punte sal kry. Die onderwyser sal dit met jou bespreek.

**Pre-lees**
Onderstreep die woorde waarvan die betekenis onduidelik is. Maak 'n lysie op 'n folio papier en verklaar die betekenis van die woorde. (Gebruik 'n tweetalige woordeboek om die betekenis op te soek)

**Post-lees**
- Nadat jy gelees het, sal daar aan jou vrae gestel word oor die inhoud.
- Maak seker jy verstaan wat jy lees.

**TEKS A**

## SARIE-TYDSKRIF SETOP VYF JEUGVERHALE

Deur Phyllis Green

*Daar is deesdae dinge baie dinge soos lewensgevaarlike rekenaarspeletjies, verbrokkelende gesinne en varkgriep en ander viruse wat die jeug meet te kampe het! En moenie vergeet van die druk wat vriende op mekaar plaas nie. Dié week se jeugboeke raak aan baie van dié kwessies.*

**Boek 1: *Die verdrinking van Josua van Eden*, Carina Diedericks-Hugo (Umuzi, R120)**

Josua van Eden is 'n tipiese tiener. Verveeld met skool, opgepiekel met seunspêlle wat net in meisies belangstel en dan het hy nog 'n *computer nerd* vir 'n boetie en 'n sosiale vlinder vir 'n sussie. Sy pa en ma is ook maar vreemderig. Om als te kroon word die tienerjarige blonde bom, Titania, deur haar voogde *gedump* by die Van Edens. Josua is skielik nie meer so verveeld nie.

Hy raak betrokke by 'n lewensgevaarlike "game master"-spel wat met behulp van selfone en rekenaars gespeel word. Gooi daarby in alle ander tienergoed wat gebeur (partytjies sonder ouertoesig, skoolgevegte, ens.) en jy het 'n boeiende verhaal. Bestel die boek by Kalahari.

**Boek 2: *Lien se lankstaanskoene*, Derick van der Walt (Tafelberg, R110)**

'n Aangrypende verhaal van 'n tienermeisie wie se gesin uitmekaargeskeur word deur 'n egskeiding. Lien Jooste moet aanpas in 'n nuwe skool, met 'n ma wat 'n hengse drankprobleem ontwikkel het en 'n jonger broer wat versorg moet word.

Sy het nie eintlik 'n ondersteuningsnetwerk van vriende en familie nie, maar stadigaan raak ander mense betrokke by haar dilemma. Sy self maak ongewone planne om geld te verdien. Dit lei tot vreemde vriendskappe wat haar help om haar trauma te verwerk.

Een van die lekkerste jeugverhale wat ek in 'n lang tyd gelees het. Bestel die boek by Kalahari.

**Boek 3: *Virus*, Jaco Jacobs (Lapa, R80)**

As jy hou van futuristiese verhale is hierdie een vir jou. 'n Onbekende virus breek uit en tas mense oor die hele wêreld aan. Hulle verander in 'n soort zombie wat die mense wat nie deur die virus geraak is nie, aanval en vermoor.

Sewentienjarige Jake se lewe word omvergewerp. Die stad word verwoes rondom hom. Hy is een van die enigste oorlewendes. Hy besluit om na sy pa te gaan soek, waar dié in die Karoo 'n dokumentêr maak. Sy paaie kruis met ander oorlewendes

en hy vertel almal se verhaal uit sy oogpunt.

Jy sal maar self moet lees om te sien of hy die ekspedisie oorleef. Die boek is 'n aksiebelaaide mengsel van fiksie en strokieskuns. Bestel by Kalahari.

**Boek 4: Spore in die Arep, Marie Reyneke (Human & Rousseau, R79,95)**

Uschi, 'n Duitse meisie, maak vriende met Wessel op Facebook. Vir drie jaar is dit die manier hoe hulle mekaar leer ken. Sy leer selfs Afrikaans. Dan vra sy hom of hy haar sal help om haar oupagrootjie se graf in Namibië te gaan soek. Haar oupagrootjie was 'n soldaat tydens die Duits-Nama oorlog en het op die plaas Arep gesneuwel.

Wessel vra vir Jurgen, die plaaseienaar se seun, om hulle te help. Lukas, die jong Nama wie se familie al jare op die plaas woon en werk, is deel van die soektog. Om dinge te kompliseer kom Wessel se meisie ook nog saam. En dan is daar die vreemde Engelse kind Donovan wat homself bloot saamgenooi het.

Lekker baie aksie tussen die karakters met 'n opwindende kinkel wat deur Lukas geskep word.

**Boek 5: Fred se storie, Lien Roux-De Jager (Protea, R130)**

Arme Fred het dit maar hotagter in die lewe. Hy is nou nie die mooiste ou wat daar is nie en boonop is hy amper so blind soos 'n mol sonder sy bril. Dan is hy ook nogal naïef oor die lewe. Hy woon by sy ouma en oupa ná sy ouers geskei is. Sy ma is weg saam met 'n nuwe man en Fred is nie heeltemal welkom in hul nuwe lewe nie.

Fred besluit om sy eie geluk te soek in die lewe en *hike* dan Kaap toe om na sy pa te gaan soek.

Treurmare op treurmare - Fred word beroof van al sy besittings en word dan deur die barmhartige Samaritaan, Vusi. gehelp. So beleef hy 'n hele spul ervarings en dan het Fred uiteindelik ook 'n eie storie.

**Bron:** https://www.netwerk24.com/Sarie/Argief/top-5-jeugverhale-20170914

**OF**

**TEKS B**

**DIE SLANGSTEEN deur Elise Breytenbach**

*(Hierdie vertelling is gebaseer op 'n bekende afrika-legende oor 'n steen met genesende krag)*

'n Waterslang het by die oorsprong van 'n rivier in 'n standhoudende fontein op 'n plaas gewoon. Hy het baie na 'n boomslang gelyk, behalwe dat hy 'n pragtige steen op sy kop gedra het. Bedags het dit soos die son geskitter en snags soos die blinkste ster.

Eendag het een van die plaaswerkers ‘n vreeslike pyn in sy bors gekry. Hy is dokter toe, maar die pyn kon nie verlig word nie. Inteendeel, dit het erger geword.

Aangesien dit aan almal bekend was dat ‘n slangsteen enige siekte of kwaal kon genees wanneer dit op die aangetasde liggaamsdeel gedruk word, is daar besluit om so ‘n steen in die hande te kry.

Dit was makliker gesê as gedaan, want die slang het sy veilige boerplek in die fontein slegs na swaar reëns verlaat om in die vol rivier te gaan baljaar. Wanneer hy soms, moeg gerinkink, die rivier verlaat het om bietjie te rus en homself in die son te koester, het hy die steen afgehaal. Dit is gedoen, so is beweer, om hom teen vyande te beskerm; as die steen nie aan hom of ‘n ander lewende wese geraak het nie, was dit onopsigtelik
‘n Kranke moes dus na goeie reëns die slang ongesiens volg en sy kans afwag om die gesogte steen in die hande te kry.

Die reëns het gekom en die rivier het water gekry. Die waterslang het onmiddellik sy fontein verlaat en hom tydelik in een van die vol kuile in die rivier gaan tuismaak.

Een sonnige oggend het die slang die water verlaat, sy steen op ‘n plat klip geplaas, en heerlik in die sonnetjie op ‘n sandkol so ‘n entjie weg van die klip af gaan lê. Die siek man, wat die slang heeloggend dopgehou het, het gewag totdat dit vir hom gelyk het of hy aan die slaap geraak het. Behoedsaam het hy nadergesluip, die dowwe steen opgeraap, en teen sy seer bors vasgedruk.

Drie dinge het feitlik gelyktydig gebeur: Die pyn in die bors het skietgegee, die steen het sy glans teruggekry en die slang wat dadelik die skitterlig gesien en onraad gemerk het, het orent gekom.

Die man het die steen inderhaas op die klip teruggeplaas en ylings gevlug. Ook net betyds, want die woedende reptiel het blitsvinnig, kop hoog in die lug en gereed om te pik, nader gestorm. Toe hy egter by die steen kom, het hy dit in sy bek gegryp en daarmee in die water verdwyn.

Die plaaswerker was genees, maar hy was vir ‘n paar uur lank blind as gevolg van die verblindende lig van die slangsteen.

Bron: http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2001/11/19/7/1.htm

## **Kriteria – Voorbereide Lees Eerste Addisionele Taal[10 x 4 = 40 / 2 = 20]**

| **Kriteria** | **Kode 7 (Uitmuntend) 8-10** | **Kode 6 (Verdienstelik) 7** | **Kode 5 (Buitegewoon) 6** | **Kode 4 (Voldoende) 5** | **Kode 3 (Matig) 4** | **Kode 2 (Basies) 3** | **Kode 1 (Ontoereikend) 0-2** | **TOTAAL** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *Vloeiendheid en met aandag doel van taak* | *8 - 10* | ***7*** | ***6*** | ***5*** | ***4*** | ***3*** | ***0 - 2*** | | |
| *Demonstreer die gebruik van toon en infleksie om betekenis aan die gehoor oor te dra* | ***8 - 10*** | ***7*** | ***6*** | ***5*** | ***4*** | ***3*** | ***0 - 2*** | | |
| *Gebruik oogkontak, gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking* | ***8 - 10*** | ***7*** | ***6*** | ***5*** | ***4*** | ***3*** | ***0 - 2*** | | ***Punt behaal:*** |
| *Antwoorde op vrae toon leerder se kritiese interpretasie van die teks* | ***8 - 10*** | ***7*** | ***6*** | ***5*** | ***4*** | ***3*** | ***0 - 2*** | | |
| ***Totaal*** | | | | | | | | ***40*** | ***= 20*** |

## Assesseringsrubriek – Voorbereide Lees Eerste Addisionele Taal [10 x 4 = 40 / 2 = 20]

| Kriteria | Kode 7 – Uitmuntend | Kode 6 - Verdienstelik | Kode 5 - Buitengewoon | Kode 4 – Voldoende | Kode 3 – Matig | Kode 2 – Basies | Kode 1 - Ontoereikend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vloeiendheid en met aandag doel van taak** | 8 - 10<br>Uitmuntende vlloeiende en uiters vermaaklike leeswerk<br>Leser demonstreer uitstekende interpretasie van die teks. | 7<br>Besondere vloeiende leeswerk.<br><br>Teks word ten volle verstaan en die interpretasie is goed. | 6<br>Vloeiende leeswerk.<br><br>Verstaan teks en interpretasie is goed. | 5<br>Lees redelik vlot.<br><br>Leser interpreteer teks genoegsaam om betekenis oor te dra. | 4<br>Lees met beperkte vlotheid.<br><br>Gedeeltelike interpretasie van teks om sommige van die betekenis oor te dra. | 3<br>Lees nie vlot nie.<br><br>Gedeeltelike bewys van teksinterpretasie maar die betekenis is ontwrig. | 0 - 2<br>Leeswerk waarin gehakkel voorkom.<br><br>Geen bewys van interpretasie en betekenis. |
| **Demonstreer die gebruik van toon en infleksie om betekenis aan die gehoor oor te dra** | 8 - 10<br>Betekenis word uitstekend oorgedra deur frasering, ruspouses en infleksie frasering<br>Uitstekende stemprojeksie asook uitspraak | 7<br>Baie goeie gebruik van frasering, ruspouses en infleksie om betekenis oor te dra.<br>Baie goeie stemprojeksie asook uitspraak | 6<br>Goeie gebruik van frasering, ruspouses en infleksie om betekenis oor te dra.<br><br>Goeie stemprojeksie asook uitspraak | 5<br>Frasering, ruspouses en infleksie word gebruik om betekenis oor te dra.<br><br>Lees is duidelik en hoorbaar en uitspraak verbeter betekenis | 4<br>Poog daarin om frasering, rusposes en infleksie te gebruik om betekenis oor te dra.<br><br>Lees is hoorbaar en uitspraak beïnvloed nie betekenis nie | 3<br>Swak gebruik van frasering, rusposes en onnatuurlike infleksie in leesproses.<br><br>Lees nie altyd hoorbaar nie en baie woorde word verkeerd uitgespreek | 0 - 2<br>Amper geen poging word aangewend vir korrekte frasering en infleksie nie.<br><br>Swak uitspraak en swak uitspraak maak die aflewering byna onverstaanbaar. |
| **Gebruik oogkontak, gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking** | 8 - 10<br>Algehele gepaste oogkontak<br>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is besonder effektief gebruik. | 7<br>Baie goeie oogkontak<br>Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is effektief gebruik | 6<br>Goeie oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is toepaslik gebruik | 5<br>Suksesvolle pogings om oogkontak te maak<br>Voldoende gebruik van gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal ondersteun die betekenis | 4<br>Doelbewuste pogings is aangewend om oogkontak te maak<br>Bewyse van geskikte gebare, gesigsuitdrukkings en lyftaal ondersteun die betekenis | 3<br>Onsuksesvolle pogings om oogkontak te maak<br>Baie min gebare, gesigsuitdrukkings of sinvolle lyftaal<br>senuweeagtige gebare | 0 - 2<br>Byna geen oogkontak nie<br>Steurende en onvanpaste gebare en lyftaal |
| **Antwoorde op vrae toon leerder se kritiese interpretasie van die teks** | 8 - 10<br>Hanteer vrae met totale vertroue, gemak en met sensitiwiteit vir die teks<br>Houding en menings getuig van van selfvertroue asook volgehoue regverdiging | 7<br>Hanteer vrae met vertroue, gemak en sensitiwiteit vir die teks<br>Menings goed volgehou asook volgehoue regverdig | 6<br>Hanteer vrae en reageer sinvol met paar foute<br>In staat om menings te verdedig en te regverdig | 5<br>Hanteer vrae en reageer sinvol, maar net soms met foute<br>Menings word met redelike selfvertroue gemotiveer | 4<br>Verstaan vrae en kan sommige van die vrae beantwoord<br>Menings word net soms voldoende gemotiveer | 3<br>Verstaan vrae, maar verskaf soms foutiewe antwoorde<br>Baie huiwerig om 'n mening uit te spreek | 0 - 2<br>Is meestal nie in staat om vrae te verstaan of daarop te reageer nie<br>Kan nie menings motiveer nie |

**Vraestel 4: Modeling**

**KANDIDAAT SE INLIGTINGSVORM**

(Moet deur elke leerder voltooi word vir gebruik tydens eksterne moderering.)

**LEERDER SE VAN:** __________________ **VOORNAAM:**__________________

| |
|---|
| **1. Lees:** *Titel van teks waaruit leesstuk kom* |

| |
|---|
| **2. Onderwerp van voorbereide toespraak:** |

| |
|---|
| **Belangstellings en stokperdjies:** Skryf in volsinne. |
| **Voorgenome beroep:**Skryf in volsinne. |
| **Enige ander toekomsplanne**: Skryf in volsinne. |

LET WEL:

Kandidate sal ook aan informele besprekings deelneem.

Oefen hoe om jouself in Afrikaans voor te stel, vertel iets van jouself (belangstellings en stokperdjies) en vertel van jou toekomsplanne.